

## **A 6.1 BYBELMEDIA**

# **VERSLAG VAN DIE DIREKSIE VAN BYBEL-MEDIA**

## **1. INLEIDING**

1.1 "It was the best of times, it was the worst of times," skryf Charles Dickens in sy *A Tale of Two Cities*. Hierdie woorde som ook die stand van die mediabedryf uitstekend op.

1.2 Vir media is dit die beste van tye aangesien elektroniese middele vermenigvuldig en daar soveel geleenthede is om die blye boodskap en goeie nuus te deel. Digitale kommunikasie op soveel platforms is goedkoper en meer koste-effektief as wat drukkersink op papier ooit kon wees.

1.3 Dit is ook die slegste van tye omdat tradisionele sakemodelle en kostestrukture onder geweldige druk verkeer. Daarom moet nuwe inkomstestrome gevind word. Van die beste intellek en talent regoor die wêreld worstel met hierdie uitdaging, ook Bybel-Media.

1.4 Die energie agter ons voortgesette werk is die krag van die evangelie. Ons is in die greep van Jesus Christus, die Here, wat ons vorm en stuur. Die boodskap van God se liefde en betrokkenheid by die wêreld dwing ons. Ons vind doodeenvoudig nuwe weë omdat die goeie nuus moet uit.

## **2. OORSIG**

2.1 Hieronder word oorsigtelik verwys na die werksaamhede en personeel van Bybel-Media oor die afgelope jaar. Die volledige Jaarverslag vir 2019 is aanlyn by <https://bit.ly/30QNmqT> beskikbaar.

2.2 Bybel-Media se direksie het oor die afgelope jaar bestaan uit Danie Mouton (voorsitter), Johan Vosloo (onder-voorsitter), Elize Bezuidenhout, Francois Cilliers, Hanna Kotze, Immanuel van Tonder, met Gustav Claassen (algemene sekretaris) en Leon Venter (direksiesekretaris).

2.3 Bybel-Media bestaan uit 'n groot verskeidenheid media-bedieninge, -aksies en publikasies wat oorhoofs olv die hoof- uitvoerende beampte, Leon Venter, funksioneer. Die werksaamhede word as volg ingeklee:

2.3.1 Publikasies en e-Media met LiG, Kerkbode, Bybelkor, Jeugfokus en e-Media (elektroniese produkte, webbladsye en slimfoontoepassings) in die departement. Nico Simpson is die departementshoof.

2.3.2 BM-Musiek met Liedboek, Flam en Vonkk in die departement olv Faani Engelbrecht.

2.3.3 Die Nehemia Bybelinstituut fokus op grondvlak teologiese opleiding vir kerkleiers in Suider-Afrika wat andersyds nie toegang tot opleiding het nie. Phaphile Celesi lei hierdie departement.

2.3.4 Ondersteuningsdienste met fondswerwing olv Strydom en Bruwer en Administrasie en Finansies olv Hannelie Matthee.

2.3.5 Handel en versending staan olv Jan Wentzel.

2.4 Die bedryf van Bybel-Media word deur 'n bestuurspan gelei, bestaande uit Leon Venter (hoof- uitvoerende beampte), Nico Simpson (publikasies en e-media), Phaphile Celesi (Nehemia Bybelinstituut), Francine Prins (LiG), Le Roux Schoeman (Kerkbode), Hannelie Matthee (administrasie en finansies), Jan Wentzel (handel), Strydom Bruwer (fondswerwing), Adèle Lombard (BM-webblaaie) en Lenois Stander (inhoudsbestuurder).

### 3. STRATEGIESE DOELWITTE

3.1 Elke departement en bediening beskik oor strategiese praktykdoelwitte wat die werksaamhede begelei en die bedieninge fokus. Meer inligting hieroor is te vind in die gepubliseerde jaarverslag, beskikbaar op BM se webblad ([www.bmedia.co.za](http://www.bmedia.co.za)).

3.2 Ons is dankbaar oor die strategiese impak wat ons bedieninge het:

- LiG bemagtig gesinne met praktiese wysheid vanuit die Woord. LiG se aanlynlesersmark groei sterk.
- Met stories by dosyne help Kerkbode die diverse en wye NG Kerk netwerk om in kontak te bly, as deel van die "sentrale senuweestelsel" van die NG Kerk. Kerkbode se digitale lesers het vanjaar sterk gegroei.
- Bybelkor verskaf Bybelstudies, teologiese boeke, gemeentereekse, teologiese opleidingsboeke en kategeseprodukte (Jeugfokus).
- E-Media verskaf videogrepe, radio-opnames en impakstories wat in die afgelope jaar deur digitale platforms meer as 3 miljoen e-posse aan 22 000 intekenare gestuur het. "Boodskap vir vandag" bereik daaglik meer as 6 600 intekenare.
- Tablet- en slimfoontoepassings verskaf 'n digitale koppelvlak vir Kerkmusiek, Kerkbode, die Liedboek en verskeie ander digtale produkte.
- Vonkk (tans 398 liedere) en Flam (tans 685 liedere) gaan voort om kerkmusiek te ontwikkel
- Die Nehemia Bybelinstituut verskaf teologiese opleiding aan kerkleiers in Afrika deur wydverspreide leersentrums en verskeie kursusse. In 2018 was byna 10% groei in nuwe studente bereik.
- Die gevangenisbediening verskaf Christelike materiaal aan 96% van gevangenes in Suid-Afrika en bereik sodoende sowat 16% van die gevangenisbevolking.
- Fondswerwing samel die broodnodige fondse vir Bybel-Media se bediening in. Die toegewyde donateurskorps wat maandeliks deur debietorders bydra is verantwoordelik vir die grootste deel van die fondswerwingsinkomste.
- Die departement administrasie en finansies is weer eens deur die ouditeure gekomplimenteer oor uitstekende verslagdoening en bestuursinligting.
- BM-Handel se omset was in die afgelope jaar die beste in sewe jaar.

### 4. VISIE VIR DIGITALISERING

4.1 Oor die afgelope twee jaar het die direksie en bestuurspan intensiewe visionêre gesprekke gevoer. Die rolpers en gedrukte media word vervang deur skerms, veral selfoonskerms, en het enorme impak op werkvloei.

4.2 Digitalisering is tegelyk 'n noodwendige en opwindende proses waardeur alle media-maatskappye moet gaan. Die impak van die evangelie van Jesus Christus kom nie alleen meer op 'n vel papier na ons nie, maar veral na 'n skerm naby aan ons. Rekenaars en meer spesifiek slimfone en tablette word die voorkeur kommunikasieplatforms van ons tyd. Natuurlik sal papiergebaseerde produkte steeds belangrik bly, maar digitalisering is onafwendbaar.

4.3 Oorskakeling na 'n primêre digitale platform is nie 'n eenvoudige proses nie en het radikale implikasies vir media-maatskappye. Dit moet daarom oordeelkundig en met wysheid en waagmoed aangepak word.

4.4 Ten einde Bybel-Media sinvol te begelei, het die direksie en bestuurspan ooreengekom om 'n groep media-konsultante aan te stel. Prof Marius Ungerer van die Bestuurskool op Stellenbosch tree as oorhoofse projekkoördineerder op.

4.5 Die begeleide digitaliseringsproses bestaan uit drie fases. Die eerste fase is diagnosties van aard. Dit raak die bestaande funksionering van die maatskappy en konseptualiseer 'n digitale strategie. Die tweede fase ontwerp die digitale platform en gee die eerste treë op die pad van implementering. Die derde fase rol die implementeringsplan uit.

4.6 Die digitale strategie skep nuwe energie en raak die werkvloei van die maatskappy grondig. Vanuit die maatskappy word die digitale span gelei deur Nico Simpson.

## **5. LEDEVERGADERING**

5.1 Aangesien Bybel-Media se bediening in vele opsigte wyer as die NG Kerk strek, oorweeg die maatskappy om die Familie van NG Kerke en van die susterskerke formeel by die direksie te betrek.

5.2 Terwyl die ander twee maatskappye van die NG Kerk oor ledevergaderings of samestellende liggame beskik wat die Familie van NG Kerke insluit, is Bybel-Media se ledevergadering eksklusief die lede van die Algemene Sinode Moderamen.

5.3 Die Algemene Sinode word dus versoek om die samestelling van die ledevergadering sodanig te wysig dat ruimte geskep word vir kerke wat deel is van die Familie van NG Kerke of susterskerke van gereformeerde belydenis om deel van die ledevergadering van Bybel-Media te wees.

5.4 Reglement 1 pt 3.2.5 bepaal dat die ASM optree as ledevergadering van die Algemene Sinode se mediamaatskappye. Aangesien die ASM Bybel-Media se Memorandum van Inkorporasie (MOI) goedkeur, word voorgestel dat die reglement gewysig word om te lui die aanwysing van die lede van die ledevergadering geskied volgens die MOI van Bybel-Media.

### **5.5 AANBEVELING**

**5.5.1 Die Algemene Sinode keur goed dat Reglement 1 pt 3.2.5 gewysig word om te lui: "Die aanwysing van die lede van ledevergaderings van die Algemene Sinode se mediamaatskappye geskied ooreenkomstig die memoranda van inkorporasie".**

DW Mouton (Voorsitter)  
Direksie Bybel-Media